Begrafnisbeplanning vir vandag.

Hoe om ‘n begrafnis in Suid-Afrika te beplan en kostes daaraan verbonde te bereken.

‘n Omvattende gids om u geliefdes met waardigheid te eer wanneer hulle sterf.

Clientèle

Inhoud

4 **Inleiding**

6 **Praat oor die dood**

7 **Skep ‘n lewenslêer**

8 **Belangrike stappe om te neem waneer iemand na aan u sterf**

10 **Hoe om ‘n begrafnis te beplan**
- Kies’n begrafnisonderneming
- Wat doen ‘n begrafnisondernemer?
- Tradisionele begrafnisse
- Vooraf gereëlde begrafnisse
- Opgrawings
- Die keuse van ‘n kis
- Begraafplase en grafte
- Die keuse van ‘n grafsteen
- Vervoer
- Kos en spyseniering
- Lokaal of tent huur
- Blomme
- Kleredrag vir die oorledene
- Begrafnismusiek en gesange
- Die lofrede
- Verassings
- Doodsberigte

22 **Wat om te doen as iemand na aan u tot sterwe kom**
- Tuis oorlede
- Oorlede weens ‘n ongeluk
- Oorlede in ‘n hospitaal
- Oorlede in ‘n ander land (repatriasie)

26 **Hoe om die doodsertifikaat te bekom**

28 **Begrafnis- en lewensdekking**
- Die voordele van dekking
- Wat is die kostes van versekering?
- Hoe om teen ‘n polis te eis

32 **Hantering van die oorledene se boedel**
- Wat is ‘n boedel?
- Wat is ‘n eksekuteur?
- Kostes verbonde aan die afhandeling van ‘n boedel
- Afhandeling van ‘n bestorwe boedel
- Indien daar is geen testament is nie

36 **Gevriesde bankrekeninge**
- Waarom vries die banke die oorledene se bankrekening?
- Hoe om toegang tot fondse van ‘n gevriesde bankrekening te kry

38 **Begrafnisbeplanning Kontrolelys**

40 **Belangrike kontakbesondehede**

Inleiding

Die beplanning van ‘n begrafnis kan ‘n baie emosionele ondervinding wees en onnodige spanning meebring.

Hierdie praktiese gids is saamgestel om u te help om die begrafnis van ‘n geliefde of u eie begrafnins in die toekoms, te beplan.

Algemene inligting rakende begrafnisbeplanning is ingesluit, asook beraamde verwagte kostes.

Dit gee u die gemoedsrus wat u in staat stel om op u gesin te konsentreer en om u verlies te verwerk en ondersteuning wanneer u dit die nodigste het.

Steun op familie en goeie vriende om u te help. Gemeenskappe, oues en godsdienstige organisasies, soos kerke, kan u ook bystaan.

Aan die einde van die dokument is ‘n **handige kontrolelys** om u te help met die administratiewe- en begrafnisvereistes.

Vrywaring: Alle kostes en tydsberekeninge wat in hierdie gids uiteengesit is, is skattings wat ter illustrasie gebruik is - van toepassing ten tyde van die publikasie.



Dit is belangrik dat u met u gesin en u naaste familie praat oor u wense en begrafnisbeplanning.

Praat oor die dood

1. Lig u familie in oor waar u belangrike dokumente is
2. Waar u polisse en rekeninge het
3. Waar u u ID bewaar
4. Wat u graag tydens u begrafnis wil hê
5. Het u ‘n testament wat op datum is en is die dokument gesertifiseerd en waar is dit in veilige bewaring
6. Om enige komplikasies te vermy, sorg dat die begunstigdes op u polisse korrek is.

‘n Lewenslêer sal met u afsterwe die proses vir u geliefdes vergemaklik, veral die administrasie vereistes.

Skep ‘n lewenslêer

Dit is ‘n leêr met al die belangrikste inligting rakende u lewe. Hou die leêr in veilige bewaring en vertrou u naaste familie met hierdie inligting.

‘n Lewensleêr bevat al u persoonlike inligting, onder andere:

- Bankrekeninge
- Lewens- en begrafnispolisse
- Beleggings
- Eiendomsinligting
- U gesertifiseerde testament
- U genomineerde eksetuteur en prokureur
- ‘n Afskrif van u ID.

‘n Lewensleêr sal ook familie twis uitskakel, aangesien u wense soos beskryf in u testament, deur ‘n eksekuteur uitgevoer word.

Belangrike stappe wanneer ‘n geliefde tot sterwe kom.

1 Kontak die betrokke owerhede, soos die mediese noodgevalle eenheid met ‘n ambulansdiens soos Netcare 911 of ER24, u huisdokter of die SAPD.

2 Soek die oorledene se ID-kaart of groen (strepieskode) ID-boek.

3 Sodra u instaat is, kontak die naaste familie en vriende met die nuus.

4 Kontak gemeenskapsleiers, predikant of ouderling.

5 Besluit op ‘n betroubare en gevestigde begrafnisonderneming wat u kan help met die nodige begrafnisreëlings.

6 Vind uit of die oorledene begrafnis- of lewenspolisse het en kontak die versekeraars of banke. Indien u of ‘n familielid die begunstigdes is volgens die polis van die oorledene, moet u die versekeraar so gou as moontlik kontak. Hulle sal die doodsertifikaat benodig. Dit is noodsaaklik dat u hierdie dokument, sowel as enige ander dokumente, so gou as moontlik bekom.

7 U hoef nie noodwending van die begrafnisonderneming by wie die polis is, gebruik te maak nie. Die versekerde bedrag kan uitbetaal word en u kan die begrafnis by ‘n begrafnisonderneming van u keuse hou. Let ook daarop dat die tydperk verbonde aan uitbetalings, van polis tot polis verskil en dat u nie op dié fondse kan staatmaak om onmiddellik uit te betaal nie - dit kan dae, weke of selfs maande neem om uit te betaal.

8 Kontak die oorledene se werkgewers om uit te vind of die oorledene enige lewensdekking deur hul werkgewer gehad het.

9 Kontak die oorledene se bank. Die bank sal die oorledene se bankrekening vries om te verhoed dat enige onregmatinge fondse uit die oorledene se rekening onttrek sal word.

10 Stel vas of die oorledene ‘n testament in plek het. As daar geen eksekuteur in die testament benoem is nie, kan u regsadvies inwin om die volgende stappe te bepaal. Indien die testament by die oorledene se bank gehou is, sal die bank normaalweg help.

11 Indien u wil hê dat almal wat die oorledene geken het, die begrafnisdiens moet bywoon, kan u ‘n advertensie in die koerant plaas met die datum, tyd en plek van die begrafnis.

Beplanning van ‘n begrafnis

‘n Begrafnis bied u die geleentheid om u geliefde te eer en respek te betoon na hul afsterwe. ‘n Begrafnis kan ook ‘n belangrike deel van die rouproses wees.

Die beplanning van ‘n begrafnis kan u onder emosionele en finansiële druk plaas gedurende die rouproses.

Indien die testament van die oorledene nie spesifieke wense met betrekking tot die begrafnis bevat nie , berus die keuse van ‘n begrafnis-, verassings- of gedenksdiens by u en u familie.

Die begrafnis keuse hang ook af van die oorledene se kulturele- en godsdienstige oortuigings.

Die basiese vir ‘n begrafnisdiens:

- Die keuse van ‘n begrafnisonderneming
- Lokaal (kerk, kapel, begraafplaas of krematorium)
- Datum
- Tyd
- Vervoer
- Spyseniering
- Blomme
- Foto’s wat vertoon gaan word
- Die predikant / amptenaar
- Klank en musiek
- Lofredes en doodsberigte
- Gedrukte programme
- Lykswa
- Oudiovisuele aanbiedings
- Bergaafplaas
- Grafsteen
- Onthulling

Hoe om ‘n begrafnisonder-neming te kies

Die beplanning en organisering van ‘n begrafnis kan ‘n oorweldigende ondervinding wees - waar begin ‘n mens?

Die keuse van begrafnisonderneming kan u help in hierdie moeilike tyd. Dit is belangrik om kwotasies van verskillende begrafnisondernemings te verkry.

Vrae wat u aan ‘n begrafnisonderneming kan vra:

- **Het hulle ‘n privaat lykshuisfasiliteit?**
  Dit kan ‘n waardige begrafnis verseker.
- **Kan hulle hulp verleen met die nodige regsdokumente?**
  ‘n Begrafnisondernemer kan van hulp wees met die regs- en administratiewe dokumente, van die doodsertifikaat tot by die koop van die graf.

Versekering by ‘n begrafnisonderneming.

Dit is belangrik om deur die dekking te gaan met die begrafnisonderneming om te bepaal wat word deur die versekering gedek.

U hoef nie noodwending van die begrafnisonderneming by wie die polis is, gebruik te maak nie. Die versekerde bedrag kan uitbetaal word en u kan die begrafnis by ‘n begrafnisonderneming van u keuse hou.

Die uitbetalingstydperk verskil van polis tot polis en dit kan dae, weke of selfs maande neem om uit te betaal.

Wat doen ‘n begraf-nisondernemer?

‘n Begrafnisondernemer kan u bystaan met die administratiewe proses wat u in staat stel om op u gesin te konsentreer en om u verlies te verwerk.

‘n Bekwame begrafnisondernemer is daar om bystand te verleen. U moet gemaklik met die keuse van ‘n begrafnisondernemer voel, en veilig in die wete dat u op hulle kan vertrou om ‘n persoonlike ervaring gedurende hierdie moeilike en belangrike tyd aan u te lewer.

Die begrafnisondernemer kan help om verskillende take aan verskillende familielede en nabye vriende uit te deel. Indien nodig, kan hulle ook beradingsopsies aanbeveel.

Onthou om ‘n gewaarmerkte afskrif van die oorledene se ID-kaart of groen (strepieskode) ID-boek te hê, asook die kennisgewing van dood. Dit sal die verkryging van die doodsertifikaat vergemaklik.

‘n Goeie begrafnisondernemer kan u met die volgende bystaan:

1. Hulp met die versorging van die oorledene se liggaam.
2. Bewaring, voorbereiding en aantrek van die oorledene vir besigtiging / begrafnis / verassing.
3. Verkryging van kennisgewing van dood by dokters of mediese assistente.
4. Hulp om die dood by Binnelandse Sake te registreer en die doodsertifikaat te bekom.
5. Hulp om die oorspronklike doodsertifikaat en gewaarmerkte afskrifte van dokumente vir boedel- en polisdoeleindes aan u te voorsien.
6. Bevestiging van die behoefte van ‘n nadoodse ondersoek (in die geval van natuurlike dood), met die aangesien dit van hulp kan wees eis van die begrafnisdekking.
7. Om die kennisgewing van dood in koerante te plaas.
8. Bied ‘n verskeidenheid kiste aan om van te kies.
9. Alle begrafnisreëlings.
10. Begrafplaas- of krematoriumreëlings.
11. In die geval van verassing, sal die begrafnisondernemer alle dokumente deur die nodige mediese persone laat voltooi.
12. Plaaslike vervoer van die oorledene se liggaam.
13. Balsem van die oorledene se liggaam vir repatriasie (indien nodig).
14. Repatriasie van oorledenes oor grense (indien nodig).

‘n Goeie begrafnisondernemer sal ook al die kostes rakende die ter aarde bestelling uitlê. Om verborge koste te vermy, vind uit wat ingesluit is.

Begrafnisondernemingsfooie

Kostes van begrafnisondernemers begin oor die algemeen vanaf R4,000, maar dit kan wissel afhangende van watter addisionele dienste benodig word.

Die begrafnisonderneming sal normaalweg kostes hef vir die volgende:

- Berging van die liggaam;
- Aanvra van die dokumentasie (insluitend die doodsertifikaat);
- Voorbereiding van die liggaam;
- Gebruik van ‘n lykswa.

Tradisionele begrafnisse

Let daarop dat hierdie ‘n algemene riglyn is van ‘n tradisionele begrafnis. Daar is baie verskillende kulturele en godsdienstige gebruike in Suid-Afrika, maar hierdie gids dek die basiese beginsels.

Met ‘n tradisionele begrafnis kan die begrafnis enige tyd vanaf 24 uur tot twee weke na die afsterwe van ‘n geliefde plaasvind, afhangende van godsdienstige of kulturele tradisies.

Stappe om te volg vir ‘n tradisionele begrafnis:

1. Die oorledene word gewoonlik die dag voor die begrafnis na die huis van die gesin in ‘n kis geneem. Die gesin kan moontlik ‘n nagwaak hou waar die oorledene vir oulaas besigtig kan word en godsdienstige-, tradisionele- of kulturele rituele uitgevoer word. Soms verkies mense om die lyk die oggend van die begrafnis te besigtig.

2. Die volgende oggend word daar gewoonlik ‘n huldeblyk of gedenkdiens by ‘n kerk of gekose plek gehou.

3. Na die gedenkdiens gaan die roubeklaers na die begraafplaas waar daar ‘n kort diens- of tradisionele-, godsdienstige- of kulturele viering gehou word.

4. Na die ter aarde bestelling sal die roubeklaers na ‘n kerksaal of tent gaan waar kos en verversings bedien word. Dit kan ook ‘n tyd wees om die lewe van die oorledene te vereer.

Begrafnisse wat vooraf beplan is

Hierdie is begrafnisse wat vooraf beplan en voor betaal word.

Elke aspek van die begrafnis is u keuse, insluitend:

- kis
- klere
- musiek
- blomme
- begrawing of verassing

Dit verlig die las van geliefdes wat die begrafnis moet beplan en daarvoor moet betaal.

Opgrawings

'n Opgrawing is wanneer 'n liggaam uit 'n graf verwyder word en na 'n nuwe graf verplaas word.

Soms word die oorskot veras en hoef dus nie noodwendig herbegrawe te word nie.

Toestemming deur verskeie regeringsinstansies en -departemente moet vir enige opgrawing verkry word.

Die Departement van Binnelandse Sake en 'n begrafnisondernemer, kan help.

Die keuse van ‘n kis

Die doel van ‘n kis is om die liggaam van die oorledene te beskerm, asook diegene wat daarmee in aanraking kom voordat die oorledene begrawe word. Dit moet ook sterk genoeg wees om vervoer te word. Daarom kan ‘n kis ‘n duur uitgawe wees.

Die verskil tussen ‘n kis en ‘n “casket”:

- ‘n Kis is gewoonlik wyd by die skouers en smal by die kop en voete.
- ‘n “Casket” is reghoekig van vorm en is gewoonlik van ‘n beter gehalte materiaal gemaak.

Dit is altyd goed om u begrafnisondernemer te vra om u die verskillende kis- en “casket”-keuses te wys.

‘n Gewone kis kan meer as R800 kos, terwyl ‘n gemiddelde kis ongeveer R8,000 kan kos.

Top gehalte “caskets” kan u tussen R30,000 en R100,000n uit die sak jaag.

Dit is wel belangrik om die regte grootte kis te kies.

*Die kostes van ‘n kis is slegs ‘n beraamde kostes.

Begraafplase & grafte

‘n Groot oorweging ten opsigte van begrafnisbeplanning, is om ‘n vredevolle rusplek vir u geliefde te kies.

Die aankoop van die graf hang af van die betrokke munisipaliteit en beskikbaarheid van grafte. Koste hieraan verbode kan tussen R1 500 en R50 000 beloop.

Die keuse van ‘n grafsteen is ‘n verdere oorweging wat in ag geneem moet word. Begraafplase het reëls en beperkings rakende die grootte van ‘n grafsteen of gedenksteen.

Die verskillende dele van ‘n begraafplaas:

- Grasperk: slegs vir grafstene gereserveer
- Monumentale afdeling: gereserveer vir monumentale gedenktekens
- Gedenkmure gereserveer vir gedenksplate

‘n Begrafnisondernemer kan hulp verleen met die aansoek van die nodige en toepaslike permitte.

Die keuse van ‘n grafsteen

‘n Grafsteen is ‘n blywende eerbetoning aan u geliefde. Die pryse van grafstene kan wissel van R1,500 tot R7,000 of meer.

Oorwegings ten opsigte van ‘n grafsteen:

Die begraafplaas
Verskillende begraafplase het riglyne vir die oprig van grafstene.

Die duursaamheid van die steen
Graniet of marmer is die gewildste keuse.

Die vorm
Unike vorms kan wel ontwerp word.

Die ontwerp en grafika
Dit sluit in die naam, datums en enige spesiale bewoording, soos ‘n geliefkoosde Bybelversie, lirieke of aanhalings.

Die skrif
Skrif speel ook ‘n belangrike rol in die algehele voorkoms van die grafsteen.

Vervoer

Die meeste begrafnisondernemings sluit die koste van ‘n lykswa in. Bevestig dit om enige onverwagte koste te vermy.

Die vervoer van roubeklaers na die begraafplaas kan ‘n groot uitgawe oplewer.

Iniden die liggaam oor die grens vervoer moet word, wees voorbereid om enige iets van R10,000 of meer, te betaal.



Huur van ‘n lokaal en/of tent

Die huur van lokale vir ‘n begrafnis kan wissel van R500 tot R10, 000 of meer. Die huur van ‘n tent kan tot R5, 000 beloop.

Die koste hang af van die aantal mense wat die begrafnis sal bywoon en die tipe begrafnis.

Kos en spyseniering

Hierdie koste kan die grootste uitgawe wees tydens ‘n begrafnis, veral indien meer as 500 mense die begrafnis bywoon.

Kos word gewoonlik na die begrafnis bedien. Dit vind gewoonlik by die gesin se huis of by ‘n gehuurde plek plaas.

U kan self etes voorberei met die hulp van vriende, familielede en die gemeenskap, of u kan spyseniers huur.

Sekere kulture vereis die slag van diere as offer.

Die aankoop van ‘n bok kan R1,000 beloop, en die aankoop van ‘n bees tot R6,000.

Blomme

Blomme dra by tot die geleentheid. ‘n Spesiale rangskikking kan bo-op die kis geplaas word en om ‘n foto van die oorledene.

Soms word blomme gekies vir hul spesifieke kleur of omdat dit die oorledene se gunsteling blomme was.

Die kostes van blomme wissel van R100 tot R10,000 of meer, afhangende van u keuse.

Die huldeblyk

Tydens die huldeblyk of lofrede word die lewe van die geliefde erken en gedenk.

‘n Huldeblyk of lofrede is ‘n vertelling van al die spesiale dinge wat u geliefde in hul lewens gedoen het, vir wie hulle lief was, hoe hulle hul lewens aan hul kinders gewy het en wat hul passies was.

Dit kan die meedeling van gunsteling herinneringe, verhale, prestasies en persoonlikheidseienskappe van die oorledene insluit.

Klere vir die oorledene

Deur u geliefde met hul gunsteling klere en voorkoms te vereer, is ‘n wonderlike manier om eer te betoon.

Dink terug aan wat hulle gunsteling uitrusting was.

U kan ook die begrafnisondernemer vra om hulle in ‘n splinternuwe pak of ‘n pragtige nuwe rok aan te trek.

Voeg iets by wat persoonlik is, soos hul gunsteling juweliersware of ‘n spesiale voorwerp.

Begrafnis-musiek en gesange

Gebruik u geliefde se, gunsteling musiek om n huldeblyk te betoon.

‘n Musikale, familielid of vriend kan n solostuk speel tydens of na die diens.

Verassings

Verassings is oor die algemeen meer kostedoeltreffend as tradisionele begrafnisse, maar dit hang alles af van wat u beplan vir die seremonie.

Die begarfnisondernemer sal help om reëlings te tref soos:

1. Datum
2. Tyd
3. Plek van die verassing
4. Of u die oorskot op u plek van u keuse wil strooi
5. en of u die oorskot wil begrawe of dit in ‘n nisgedenkplek wil laat.

‘n Nisgedenkplek is ‘n klein ruimte waar die vaas geplaas word en ‘n gedenkplaat word daaroor geplaas.

Die meeste begraafplase en krematoria bied ‘n verassingsfasiliteit van ongeveer R7,000. ‘n Privaat verassing kan ongeveer R5,000 kos, terwyl ‘n kapelverassing begin by ongeveer R9,000.

’n Skedule A vorm moet vir alle verassings ingevul word om toestemming te verleen vir die verassing. Dit sal na die krematorium gestuur word om toestemming te gee. ‘n Mediese goedgekeurde dokter sal dan die verassing skedules afteken.

Daar is ‘n extra koste van R600 om ‘n verassings brief by ‘n geneesheer te bekom.

Daar is streng wette in plek ten opsigte van verassings. Dit is om te verseker dat u die as van jou geliefde ontvang en nie die as van ander ook nie.

Tipes verassing:

Bespreekte verassing

Die oorledene word in ‘n kis na die begrafnisdiens geneem. Daarna word die oorledene in die kis na die krematorium geneem.

Nadat die verassing plaasgevind het, word die oorskot van die oorledene in ‘n vaas of kissie aan die gesin gegee.

Nie-bygewoonde verassing

Die begrafnisdiens word gehou, maar die oorledene en die kis is nie teenwoordig nie.

Die verassing het moontlik reeds plaasgevind, met die oorskot van die oorledene wat aan die familie oorhandig is in ‘n vaas of ‘n kissie

Doodsberigte

n Doodsberig is ‘n kennisgewing van iemand se dood.

‘n Doodsberig word gewoonlik geskryf om feite soos die tyd, plek en oorsaak van die dood bekend te maak, asook die begrafnisreëlings.

Die volgende moet oorweeg word wanneer ‘n doodsberig geskryf word:

- Die oorledene se naam
- Datum en plek van geboorte
- Datum, tyd en plek van dood
- Familielede / naasbestaandes
- Enige van die oorledene se lewensmylpale en/of prestasies
- Die datum, tyd en plek van die begrafnis of seremonie
- Enige relevante kontakbesonderhede
- Enige skenkingbesonderhede
- ‘n Foto van die oorledene kan ook gepubliseer word

Wat om te doen indien **iemand** na aan u **oorlede is**

Tuis afsterwe

Kontak ‘n professionele mediese dienteverskaffer
Kontak ’n mediese span soos Netcare 911, ER24 of u huisdokter. Hulle sal dan bepaal of die dood natuurlik is (ouderdom, siekte, hartaanval, ens.) of onnatuurlik (ongeluk, of as gevolg van ‘n misdaad, ens.).

Vind die oorledene se ID-kaart of groen (strepieskode) ID-boek. Dit is belangrik aangesien u dit gaan benodig om die doodsertifikaat aan te vra en om lewensversekering, bankrekeninge en begrafnispolisse te hanteer. As u nie die ID-dokument kan vind nie, moet u ‘n verklaring van die SAPD kry, wat u verhouding met die oorledene kan bevestig.

Bepaal of daar enige verdagte optrede was
Bepaal of daar enige iets verdag is of was wat aan die afsterwe van die oorledene toegeskryg kan word, soos ‘n roof, gedwonge toegang of selfs ‘n fisiese onderonsie. Indien daar niks verdags is nie, sal die mediese personeel die liggaam na ‘n lykshuis neem.

As u vermoed dat daar verdagte optrede betrokke was, moet u dadelik die plaaslike SAPD of 10111 bel. Hulle sal die toneel ondersoek en daarna die verwydering van die liggaam na die lykshuis organiseer.

Wat gebeur met die liggaam?
Alle lyke word na die lykshuis geneem waar dit gewas, skoongemaak en in ‘n kleed toegedraai word. Die liggaam van die oorledene word dan in ‘n koelkamer gehou tot die begrafnis.

Kry ‘n kennisgewing van dood
Die teenwoordige mediese persoon of dokter sal ‘n sertifikaat uitreik en onderteken om die oorsaak van die dood te bevestig (Kesnnigewing van dood). Dit kan by die huis of by ‘n lykshuis gedoen word. Hierdie is die eerste stap om die doodsertifikaat te verkry.

‘n Lykskouing
Indien die person aan natuurlike oorsake dood is, is daar geen vereiste aan ‘n lykskouing nie. Soms kan ‘n lykskouing ‘n familie help om die dood van ‘n geliefde te verwerk. ‘n Private lykskouing kos ongeveer R5,000.

Indien die person as gevolg van onnatuurlik oorsake dood is, word ‘n verpligte lykskouing gedoen. Daarna sal die lykshuis ‘n kennisgewing van dood uitreik.

Kontak familie en vriende
Stel familielede en vriende so gou moontlik in kennis van die afsterwe van ‘n geliefde. Hulle kan bestand verleen in hierdie oorweldigende en stresvolle tyd.

Skakel ‘n betroubare begrafnisondernemer
‘n Begrafnisondernemer sal u bystaan met die beplanning van die begrafnis en sal u selfs help om die nodige regsdokumente, soos die doodsertifikaat, te bekom.

Oorlede weens ‘n ongeluk

Indien ‘n persoon in ‘n motorongeluk dood is, sal u waarskynlik eers in kennis gestel word sodra die liggaam in die lykshuis is. In hierdie geval moet die liggaam deur ‘n naasbestaande familielid of vriend geïdentifiseer word.

Die identifisering van ‘n liggaam in ‘n lykshuis kan ‘n oorweldigende ervaring wees. Sommige lykshuise maak gebruik van foto’s op ‘n rekenaarskerm om die liggaam te identifiseer. Ander lykshuise plaas die oorledene se liggaam op ‘n draagbaar, waar dit deur ‘n venster besigtig kan word. Neem ‘n goeie vriend of familielid saam vir emosionele ondersteuning.

Sodra die liggaam geïdentifiseer is, word ‘n liggaamsnommer uitgereik. Hierdie nommer kan dan aan die gekose begrafnisondernemer gegee word, wat dan die begrafnis sal reël.

Oorlede in ‘n hospitaal

Die aanvanklike proses is aansienlik makliker indien ‘n geliefde in die hospital sterf. Die betrokke mediese personeel is daar om te help met die bepaling van die oorsaak van dood en die uitreiking van die kennisgewing van dood.

Staatshospitale het gewoonlik ‘n lykshuisfasiliteit, maar die meeste private hospitale het nie. Die hospitaalpersoneel of ‘n begrafnisondernemer kan help met die reëlings om die oorledene se liggaam te laat haal.

Oorlede in ‘n ander land

Repatriasie is wanneer die oorledene se liggaam van een land na ‘n ander vervoer word.

1. Beplanning vir die repatriasie

U begrafnisondernemer, Departement van Binnelandse Sake, of die gekose begrafnisdiens in die land waar die oorledene oorlede is, sal u help met die volgende:

- Reël dat die oorledene se liggaam na Suid-Afrika terug keer;
- Die verkryging van die toepaslike invoerpermitte van die Departement van Gesondheid;
- Reël dat die as na Suid-Afrika terugbesorg word as u verkies dat die liggaam veras word;
- Reël as u ‘n plaaslike begrafnis wil hê in die land waar die oorledene oorlede is;
- ‘n Arm-mans begrafnis reël, wat kosteloos is as ‘n naasbestaandes nie opgespoor kan word nie, of as hulle nie die finansiële middele het om die liggaam te repatrieer nie.

2. Kry kwotasies

Indien moontlik, kry kwotasies van verskillende begrafnisondernemings (uit beide lande), sodat u pryse kan vergelyk.

- Die koste kan styg omdat dit verpligte balseming van die liggaam behels, asook toestemming en sertifikate van mediese – en regeringspartye.
- As die oorledene per vliegtuig reis, sal die koste aansienlik styg.
- Vind uit of die oorledene reisversekering gehad het en stel die versekeraar in kennis om vas te stel watter dekkingsopsies beskikbaar is.

3. Regeringshulp

Die Departement van Binnelandse Sake kan logistieke hulp en advies verleen in die geval van die dood van ‘n Suid-Afrikaanse burger in die buiteland.

- Let daarop dat die Suid-Afrikaanse regering geen finansiële hulp verleen met betrekking tot die dood van Suid-Afrikaanse burgers buite die landsgrense nie.

Die doodsertifikaat

Die doodsertifikaat is ‘n belangrike dokument. Die doodsertifikaat sal u help om al die administratiewe besonderhede, soos lewenspolisse, bankrekeninge, boedels en eksekuteurs, af te behartig.

Maak ‘n paar gewaarmerkte afskrifte van die doodsertifikaat.

Onthou dat wanneer u die doodsertifikaat of enige ander amptelike dokumente aan polisinstellings stuur, u al die bladsye van die dokument moet stuur en nie net die eerste bladsy nie.

Hoe om ‘n doodsertifikaat te kry:

1. Die teenwoordige dokter of mediese persoon of die SAPD, in geval van onnatuurlike sterftes, sal ‘n DHA 1663 (Departement van Binnelandse Sake-kennisgewing van dood) uitreik.

2. U sal die vorms moet invul en afskrifte van die oorledene se ID-kaart of groen (strepieskode) ID-boek moet verskaf, wat dan na die Departement van Binnelandse Sake gestuur word vir registrasie en ‘n doodsertifikaat (DHA-5) sal uitgereik word.


Statistics South Africa 9 Training manual

1.7 Notice of Death/Stillbirth (DHA–1663)

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

NOTICE OF DEATH / STILL BIRTH

A. PARTICULARS OF THE DECEASED

Cause of death certification: A guide for completing the Notice of Death / Stillbirth (DHA-1663)

3. Die Departement van Binnelandse Sake sal ‘n doodsertifikaat uitreik by ontvangs van die Kennisgewing van dood (vorm 1663) en die doodsverslag (vorm BI-1680). U begrafnisondernemer en/of mediese dokter kan u help om dit te bekom.

4. Indien die dood in die buiteland plaasgevind het, moet die aansoeke vir ‘n doodsertifikaat by enige kantoor van die Departement van Binnelandse Sake of by enige Suid-Afrikaanse ambassade, missie of konsulaat ingedien word.

5. ‘n Doodsverslag (vorm BI-1680) sal uitgereik word deur ‘n gemagtigde persoon nadat ‘n dood geregistreer is. Gemagtigde persone sluit in lede van die SAPD, gemagtigde ondernemers of tradisionele leiers.

6. Die Departement van Binnelandse Sake sal op dieselfde dag van registrasie van dood ‘n verkorte doodsertifikaat gratis uitreik. ‘n Volledige doodsertifikaat kan verkry word deur die vorm BI-132 in te vul.

7. Let daarop dat geen begrafnis in Suid-Afrika mag plaasvind sonder ‘n gesertifiseerde begrafnisbevel nie (Vorm BI-14).

Begrafnis- en **lewensdekking**

Wat is die voordele van dekking?

Begrafnis- en lewensdekkingpolisse is ontwerp om ‘n enkelbedrag met die afsterwe van die versekerde uit te betaal, wanneer die gesin finansiële hulp die nodigste het.

1. ‘n Begrafnispolis bied gemoedsrus, omdat u weet hoeveel geld u tot die begrafnis kan bydra.

2. Betroubare verskaffers van begrafnisversekering bied bekostigbare, pakkette sakpas aan wat in elke individu se behoeftes en finansiële omstandighede voorsien.

3. Daar is verskillende soorte dekkings. U kan net uself dek, of u en u gade en familielede. U kan ook familie en selfs vriende dek.

Wat kos ‘n begrafnisplan?

Premies vir begrafnisversekering kan aansienlik verskil. Die bedrag wat u betaal hang af van die dekkingsopsie wat u kies, wie u kies om te dek en wat die voordele van die plan is.

Skakel ‘n paar betroubare begrafnisdekkingverskaffers en vergelyk die maandelikse premie met die voordele.

Lees altyd die fynskrif, voordat u ‘n begrafnis- of lewensdekkingpolis uitneem.

Maak seker u vind uit wat al die uitbetalingsbeginsels is, soos byvoorbeeld wanneer die volle dekking in werking tree, aangesien sommige polisse ‘n wagtydperk benodig voordat u in aanmerking kom vir die volle voordele.

Hou in gedagte dat die meeste polisse nie sal uitbetaal indien die oorledene gesterf het tydens die oortreding van die wet nie.

Maak seker dat u die korrekte begunstigdes benoem.

Byvoorbeeld, indien u ‘n kind benoem wat jonger as 18 jaar oud is, moet die begrafnisdekkingverskaffer, volgens die wet, die versekerde bedrag in ‘n trust betaal, wat dan deur ‘n aangestelde eksekuteur bestuur word.

Bykomende voordele:

Buiten die voordeel van die uitbetaling van ‘n enkelbedrag, bevat ‘n omvattende begrafnisplan van ‘n betroubare verskaffer gewoonlik ook ander voordele, soos:

1. Betaling binne 24 uur, indien alle dokumentasie korrek is
2. ‘n Gespesifiseerde hoeveelheid lugtyd wanneer u eis
3. ‘n Kruidenierstoelaag
4. Hulp om u in kontak te bring met betroubare begrafnisdiensverskaffers
5. Hulp om berading te reël

Hoe om **te eis**

In die geval van dood van ‘n geliefde, moet u enige begrafnis- of lewenspolis wat die oorledene gehad het, vind en met die betrokke versekeraar kontak maak.

Hulle sal u in kennis stel van die dokumente wat hulle benodig om die eis af te handel.

U kan help om die assesseringsproses te bespoedig deur die volgende dokumente gereed te hê:

1. ‘n Gewaarmerkte afskrif van die doodsertifikaat
2. Gewaarmerkte afskrift van die oorledene se ID
3. Gewaarmerkte afskrift van die begunstigde se ID
4. Begunstigde se bankbesonderhede

Let daarop dat die verskaffer van die dekking addisionele inligting of dokumentasie mag verlang, afhangende van die omstandighede rakende die eis.

Hantering van die oorledene se boedel

Wat is ‘n ‘boedel’?

‘n Boedel is die totale bates (alles wat u besit) minus al die laste (alles wat u skuld).

‘n Boedel kan bestaan uit vaste bates (huis) en roerende bates (motor), beleggings, kontant in die bank, ‘n onbetaalde salaris en aandele in ‘n onderneming.

Wat is ‘n ‘eksekuteur’?

‘n Eksekuteur is die wettige term vir die persoon/persone/instansie wat in ‘n testament benoem word om die wense van die oorledene na te kom. Dit kan ‘n betroubare individu (vriend of familielid) of ‘n finansiële instelling wees.

Dit is die eksekuteur se verantwoordelikheid om:

1. Die boedel te verteenwoordig
2. Eiendom aan die benoemde begunstigdes uit te betaal
3. Die boedelbelasting te bereken en te betaal
4. Verseker dat die korrekte dokumentasie by die betrokke owerhede ingedien word
5. Betalings in te samel en te reël
6. Skuldeisers se eise goed te staan of af te keur
7. Inligting rakende potensiële begunstigdes te verkry

‘n Boedel is die totale bates (alles wat u besit) minus al die laste (alles wat u skuld).

‘n Boedel kan bestaan uit vaste bates (huis) en roerende bates (motor), beleggings, kontant in die bank, ‘n onbetaalde salaris en aandele in ‘n onderneming.

Indien geen eksekuteur benoem is nie, sal die hof ‘n eksekuteur aanstel om die boedel te beheer.

Dit duur ongeveer

9-12

maande om ‘n ongekompliseerde boedel af te handel.

Kostes wat gewoonlik betaalbaar is om ‘n boedel af te handel:

1. Advertensiekoste
2. Oordragskoste
3. Munisipale- tariewe en belasting
4. Meestersgelde
5. Belasting
6. Skuld (bv. verband, oortrokke rekening, kredietkaarte, ens.)
7. Mediese kostes
8. Onderhouds- en aanwas-eise
9. Begrafniskostes
10. Eksekuteursfooie

Hierdie fooie word uit die boedel betaal. Indien daar nie genoeg fondse in die boedel is om die koste te dek nie, moet die eksekuteur bates verkoop of die begunstigdes vra om die kostes te verhaal.

In sommige gevalle het die langslewende eggenoot geld nodig vir lewenskoste. Hulle kan die eksekuteur nader om die fondse beskikbaar te stel. Dit is altyd ‘n moeilike tyd, want dit kan soms maande duur om ‘n boedel af te handel.

Belangrik:

Alle fondse wat aan die oorledene behoort (sowel as die rekeninge van die gade in die geval van ‘n huwelik binne gemeenskap van goedere) sal na die nuwe bankrekening oorgedra word.

In sekere gevalle waar die huweliksmaat fondse benodig vir lewenskoste, kan hulle die eksekuteur nader om die fondse beskikbaar te stel. Dit is altyd ‘n moeilike tyd, want dit kan soms maande duur om ‘n boedel af te handel.

Sê nou daar is geen **testament nie?**

As die oorledene sterf sonder om ‘n testament op te stel, of as u nie ‘n testament kan vind nie, word dit intestaat genoem.

Die Meester van die Hooggeregshof sal dan ‘n eksekuteur aanstel om die oorledene se boedel te beheer.

In die meeste gevalle sal die boedel op die volgende wyses verdeel word:

- Indien die oorledene deur ‘n eggenoot en kinders oorleef word, word die boedel tussen hulle verdeel (die eggenoot ontvang gewoonlik meer as die kinders, aangesien hulle al die lewenskoste moet dra).
- Indien die oorledene deur ‘n eggenoot en geen kinders oorleef word, erf die eggenoot die boedel.
- Indien die oorledene deur hul kinders oorleef word, maar nie deur ‘n eggenoot nie, sal die kinders die boedel erf.

As die kinders jonger as 18 is, sal die boedel deur ‘n trust met ‘n aangestelde eksekuteur bestuur word totdat hulle die ouderdom van 18 jaar bereik, of die ouderdom soos bepaal in die testament.

Gevriesde **bankrekeninge**

Waarom vries banke die oorledene se bankrekening?

By kennisgewing van die oorledene se dood sal die banke alle rekeninge wat aan die oorledene behoort, vries, insluitend die gesamentlike rekeninge van ‘n egpaar wat binne gemeenskap van goedere getroud is.

Die banke is volgens wet verplig om die rekeninge te vries, aangesien dit deel vorm van die oorledene se boedel.

Die banke vries ook die rekeninge om bedrog en onregmatige toegang tot die oorledene se rekening te voorkom.

Belangrik: vind uit watter debietorders van die oorledene se bankrekening afgaan, insluitende munisipale rekeninge, selfoonkontrakte, mediese fonds, versekeringspolisse, ens. U moet die betrokke ondernemings kontak om te verhoed dat die debietorders onnodig van die rekening af gaan.

Belangrik:
Vind uit watter debietorders van die oorledene se bankrekening afgaan, insluitend munisipale rekeninge, selfoonkontrakte, mediese fonds, versekeringspolisse, ens. U moet die betrokke ondernemings kontak om te verhoed dat die debietorders onnodig van die rekening af gaan.

Hoe om toegang tot fondse in ‘n gevriesde bankrekening te kry.

Om ‘n bestorwe boedel af te handel kan soms maande, of selfs jare duur.

Dit is altyd ‘n moeilike tyd vir die oorlewende familielede, want hulle benodig dalk fondse om lewensuitgawes soos kruideniersware of skoolgeld te betaal.

Hoe om te verseker dat u genoeg fondse beskikbaar het om te oorleef.

Om toegang tot fondse in ‘n gevriesde bankrekening te kry, is dit nodig dat familielede die Meester van die Hof nader. Die Meester sal dan ‘n brief uitreik waarin die bank versoek word om die ooreengekome bedrag beskikbaar te stel om die begrafniskoste van die oorledene te help dek. Dit word gewoonlik uitgevoer deur die eksekuteur van die oorledene se boedel.

Dit is nog ‘n rede waarom dit altyd ‘n goeie opsie is om voldoende begrafnis- en lewensdekking in plek te hê.

Geldwenk: Probeer om elke maand ‘n bedrag in ‘n aparte bankrekening te spaar om begrafniskostes en vier maande se lewenskoste vir u en u gesin te hê.



Die Nadoodse Kontrolelys en Begrafnisbeplanning

- [ ] Kies ‘n betroubare begrafnisonderneming
- [ ] Reël ‘n ontmoeting met die begrafnisondernemer
- [ ] Soek die oorledene se ID-kaart of groen (strepieskode) ID-boek en maak gesertifiseerde afskrifte
- [ ] Naasbestaandes se ID-kaart of groen (strepieskode) ID-boek
- [ ] Begrafnispolis (indien daar een is)
- [ ] Huweliksertifikaat (dit word vereis deur die versekeringsmaatskappy indien u ‘n polis het)
- [ ] ‘n Foto van die oorledene indien u besluit om begrafnisbriewe te laat druk.
- [ ] Verkry die doodsertifikaat en maak gesertifiseerde afskrifte
- [ ] Verskaf inligting aangaande begrafnispolisse aan die betrokke begrafnisonderneming
- [ ] Beplan die begrafnisdiens
- [ ] Reël vir die stoor van die oorledene se liggaam
- [ ] Reël vir klere vir die oorledene
- [ ] Kies tussen ‘n begrafnis of ‘n verassing
- [ ] Kies ‘n lokaal
- [ ] Kies ‘n kis of ‘n “casket”
- [ ] Kies blomme
- [ ] Besluit of blomblare benodig gaan word
- [ ] Bepaal hoeveel mense die begrafnis gaan bywoon
- [ ] Reël kerse en beligting
- [ ] Reël drinkgoed
- [ ] Reël kos en spyseniering
- [ ] Kies liedere en beplan liedjielyste
- [ ] Reël begrafnisbriewe
- [ ] Kies musiek
- [ ] Kies ‘n grafsteen
- [ ] Kies ‘n graf
- [ ] Kies ‘n grafmerker en inskrywings
- [ ] Besluit op die tyd en plek vir die diens
- [ ] Kies foto’s om te vertoon
- [ ] Predikant of amptenaar of godsdiensleier wat die diens gaan lei
- [ ] Besluit wie die lofrede gaan doen

- [ ] Sangers/musikante
- [ ] Kies die kisdraers
- [ ] Besluit of duiwe vrygelaat gaan word
- [ ] Reël vir ‘n regstreekse uitsending vir mense wat nie die begrafnis kan meemaak nie
- [ ] In die geval van verassing, reël ‘n verassingdiens en vaas/kissie
- [ ] Reël ‘n grafonthulling
- [ ] Reël vir vervoer van die oorledene
- [ ] Reël vervoer vir die begrafnisgangers
- [ ] Reël vir tradisionele onkostes, soos die slag van ‘n bok of ‘n bees
- [ ] Reël dat die inligting van die diens in die koerante gepubliseer word
- [ ] Besluit op die inhoud vir die doodsberig

Administratiewe kontrolelys:

- [ ] Vind die oorledene se ID-kaart of groen (strepieskode) ID-boek en maak gewaarmerkte afskrifte
- [ ] Vind uit of daar enige begrafnis- of lewenspolisse is
- [ ] Vind uit of daar ‘n testament is
- [ ] Stel die begranis- en lewensversekeraars in kennis
- [ ] Stel die oorledene se bank in kennis
- [ ] Stel die oorledene se werkgewer in kennis en vind uit of daar lewensdekking is
- [ ] Kies ‘n betroubare begrafnisonderneming om te help met die beplanning van die begrafnis
- [ ] Bekom die doodsertifikaat en maak gewaarmerkte afskrifte
- [ ] Kontak die oorledene se boedeleksekuteur(s) (indien iemand aangestel is)
- [ ] Kontak die ondernemings/instansies wat debietorders teen die oorledene se bankrekening het en stel hulle in kennis om die debietorders te staak

Clientèle

Belangrike kontakte en nuttige webtuistes

ER24	
Noodgevalle (SA)	084 124
Noodgevalle (Internasionaal)	+27 10 205 3000
Lugmedies: 24/7 Ontvangs	+27 10 205 3588
NetCare	
Slegs mediese noodgevalle	082 911
Helikopter-mediese nooddienste	+27 10 209 8555
Lugambulans	+27 10 209 8392
Kliëntediens	+27 10 209 8009
Suid-Afrikaanse polisiediens (SAPD)	10111
Suid-Afrikaanse Nasionale Ambulansdiens	10177
Departement van Binnelandse Sake www.dha.gov.za	0800 60 11 90

Webtuiste vir doodsertifikate
http://www.dha.gov.za/index.php/civic-services/death-certificates

Clientèle

www.clientele.co.za

Lewens	services@clientele.co.za
Legal	legalservices@clientele.co.za
Skakel	011 320 3000
Ure	
Maandag - Vrydae	08h00-17h00
Saterdae	08h00-12h00

Vir ‘n kwotasie vir begrafnisdekking van Clientèle

sms **FUNERAL** na **45487**

en ‘n vriendelike konsoltant sal u terug skakel. (Standaard tariewe geld)

Deur ‘n SMS te stuur, stem u in dat Clientèle u persoonlike inligting mag verwerk en bewaar in ooreenstemming met ons privaatheidsbeleid wat beskikbaar is op www.clientele.co.za. Clientèle Life Assurance Company Limited is ‘n gemagtigde finansiële diensverskaffer en gelisensieerde versekeraar: FSP 15268. Hierdie boekie is ter inligting, en die inhoud daarvan is nie finansiële advies nie.